The laboratories of the Paint Industries Research Institute, in the new science block at Howard College, University of Natal, Durban, were opened in May 1951, and the foundation stone of the building for the Sugar Milling Research Institute, in the grounds of Howard College, was laid in June, 1951. The Bituminous Binder Research Unit started operations early in the year in temporary accommodation provided by the Fuel Research Institute. It has since moved to a building in Struben Street, Pretoria, modified and equipped satisfactorily for some years to come. The director of the South African Wool Textile Research Institute arrived from England on 12th May, 1951, and has been engaged in setting up the institute. Temporary accommodation has been provided by Rhodes University, Grahamstown.

The C.S.I.R. pays £ for £ subsidies on industrial subscriptions guaranteed for five-year periods. All four of the older research institutes reached the end of their first five years, and all have received guarantees of increased industrial contributions for the ensuing period. This is a heartening indication of their success.

Approximate figures for the initial and current guaranteed incomes (including C.S.I.R. subsidy, are as follows:

Leather Industries Research Institute : £15,000—£20,000  
Fishing Industry Research Institute : £10,000—£20,000  
Sugar Milling Research Institute : £10,000—£12,000  
Paint Industries Research Institute : £ 5,000—£ 8,000

## UNIVERSITY RESEARCH

One of the greatest scientific problems facing the country to-day is the shortage of adequately trained and qualified research staff. The Council expects to lose some of its staff to the universities and industry, as this is one of the ways in which it can contribute to science in this country, but it is gravely concerned about the difficulty of replacing them with suitable young graduates. In consequence, the Council attaches great importance to the grants which it makes for post-graduate research at universities.

## MEDICAL RESEARCH

Eight medical research units supported by the Council are working smoothly and well, partly because pains have been taken to overcome administrative difficulties. A ninth unit, dealing with applied physiology, has been taken over completely by the Transvaal Chamber of

genoemde is 'n voorbeeld van 'n ondersoek wat hoofsaaklik mee begin is omdat dit wetenskaplik van belang was en waarvan binnekort gevind is dat dit tot belangrike praktiese toepassings uitgebrei het.

## WETENSKAPLIKE RAAD VIR AFRIKA SUID VAN DIE SAHARA

Die Wetenskaplike Raad vir Afrika suid van die Sahara (C.S.A.) het vir die eerste keer gedurende November 1950 in Nairobi vergader, onder die voorsitterskap van dr. P. J. du Toit van Suid-Afrika, en was bygewoon deur

Prof. J. Millot .. .. .	Madagascar.
Dr. F. J. Cambournac .. .. .	Portugal
Sir Alexander Carr-Saunders .. .. .	Verenigde Koninkryk/United Kingdom.
Dr. B. A. Keen .. .. .	Brits Oos-Afrika/British East Africa.
Dr. A. Mendes Corrêa .. .. .	Portugal.
Prof. T. Monod .. .. .	Frans Wes-Afrika/French West Africa.
Kol./Col. H. W. Mulligan .. .. .	Nigeria.
Dr. B. F. J. Schonland .. .. .	Suid-Afrika/South Africa.
Mr. N. P. Sellick .. .. .	Suid-Rhodesië/Southern Rhodesia.
Dr. Georges J. Bone .. .. .	Belgiese Kongo/Belgian Congo.
Prof. Trochain .. .. .	Frans Ekwatoriaal Afrika/French Equatorial Africa.

Hierdie openings-vergadering het hoofsaaklik te doen gehad met metode- en organisasie probleme. Drie-en-vyftig besluite in verband met wetenskaplike samewerking in Afrika (geneem tydens die Wetenskaplike Streekskonferensie vir Afrika wat gedurende Oktober 1949 in Johannesburg, gehou is) is deeglik gesif en die vernaamste is aangedui om regerings- en ander outoriteite te help om hierdie aanbevelings uit te voer. Die volgende is van die probleme wat die Raad as uiters belangrik beskou en wat in besonderhede ondersoek sal word:

- Die instelling van 'n Intra-Afrikaanse Streeksburo vir Geologie;
- Die daarstelling van kartografiese eenvormigheid in die kaarte van Afrika, en die voorbereiding van spesiale streekskaarte vir geologie, klimatologie, plantegroei, siektes wat deur draers oorgedra word, ens.,
- Die uitbreiding van ge-koördineerde ontwikkeling in hidrologie en waterbewaring;
- Die sameroep van 'n vergadering van spesialiste op die gebied van behuising en bounavorsing;
- Die koördinering van wetenskaplike biblioteeks- en bibliografiese dienste.

Die Raad het gevind dat aansienlike vooruitgang alreeds gemaak is met die uitvoer van verskeie voorstelle wat deur die Johannesburgse Konferensie gemaak is. Reëlins is getref vir die aanstelling van ere-streeks-

Mines. This is an example of an investigation which was started because of its scientific interest, and proved to have important practical implications.

## SCIENTIFIC COUNCIL FOR AFRICA SOUTH OF THE SAHARA

The Scientific Council for Africa south of the Sahara (C.S.A.) met for the first time in Nairobi in November 1950, under the Chairmanship of Dr. P. J. du Toit of South Africa, and was attended by

Prof. J. Millot .. .. .	Madagascar.
Dr. F. J. Cambournac .. .. .	Portugal
Sir Alexander Carr-Saunders .. .. .	Verenigde Koninkryk/United Kingdom.
Dr. B. A. Keen .. .. .	Brits Oos-Afrika/British East Africa.
Dr. A. Mendes Corrêa .. .. .	Portugal.
Prof. T. Monod .. .. .	Frans Wes-Afrika/French West Africa.
Kol./Col. H. W. Mulligan .. .. .	Nigeria.
Dr. B. F. J. Schonland .. .. .	Suid-Afrika/South Africa.
Mr. N. P. Sellick .. .. .	Suid-Rhodesië/Southern Rhodesia.
Dr. Georges J. Bone .. .. .	Belgiese Kongo/Belgian Congo.
Prof. Trochain .. .. .	Frans Ekwatoriaal Afrika/French Equatorial Africa.

This inaugural meeting was chiefly concerned with problems of organization and method. Fifty-three resolutions on scientific collaboration in Africa, adopted at the African Regional Scientific Conference in Johannesburg in October 1949, were sifted and priorities allocated to assist governmental and other authorities to carry them out. Among the proposals which were examined in detail as a first priority were:

- Establishment of an Intra-African Regional Bureau of Geology;
- Achievement of cartographic uniformity in the maps of Africa, and preparation of special regional maps on geology, climatology, vegetation, vector-borne diseases, etc.;
- Extension of co-ordinated development in hydrology and water-conservation;
- Calling of a specialist meeting on housing and building research;
- Co-ordination of scientific library and bibliographical services.

The Council found that considerable progress had been made in carrying out several of the proposals of the Johannesburg Conference. Arrangements were made for the appointment of honorary regional consultants

adviseurs en korrespondente in Afrika om al die hoof wetenskaplike afdelings te verteenwoordig.

Besondere aandag is geskenk aan die aanbevelings gemaak deur die wetenskaplike konferensies wat gedurende die afgelope paar jaar in Afrika op gespesialiseerde gebiede gehou is, byvoorbeeld trypanosomiase, rinderpes en grondbewaring, sodat die funksies wat deur ander organisasies onderneem is, nie oorvleuel sal word nie.

Alhoewel die Raad onderwerpe vir bespreking sal oopstel op wetenskaplike en tegniese konferensies in Afrika wat reeds beplan is vir die volgende twee of drie jaar, is dit nogtans van mening dat internasionale tegniese konferensies nie op dieselfde skaal belê moet word as wat dit die geval in die afgelope drie of vier jaar was nie. Belangrike tegniese konferensies op besondere gebiede word as waardevol beskou wanneer tydperke van vyf of meer jaar tussenin verloop, maar die nodige beraadslaging en kontinuïteit kan gedurende hierdie tussenposes deur die vergadering van klein groepe spesialiste verkry word.

Toe die uitvoerende komitee op 8 en 9 Junie onder voorsitterskap van dr. P. J. du Toit, F.R.S. in Suid-Afrika in Londen vergader het, is dit besluit dat die Raad van 20 tot 23 November, 1951, in Dakar sou vergader. Verhoudings tussen C.S.A. en C.C.T.A. (Kommissie vir Tegniese Samewerking in Afrika suid van die Sahara) is deur die uitvoerende komitee bespreek, en, op 25 en 26 Junie deur 'n buitengewone konferensie van verteenwoordigers van die regerings wat deelneem aan hierdie twee skemas. Die verteenwoordigers van regerings op C.C.T.A. het hoofsaaklik te doen met die administrasie van tegniese sake, terwyl die C.S.A. wat bestaan uit vooraanstaande wetenskaplikes wat deur die deelnemende regerings gesamentlik benoem is, te doen het met die wetenskaplike probleme van Afrika. Hierdie liggame vul mekaar dus aan en dit is van die grootste belang dat daar 'n noue samewerking tussen die twee sal wees.

and correspondents in Africa, representing the main scientific disciplines.

Attention was given to the recommendations of scientific conferences held in Africa during the last few years on specialized subjects, e.g. trypanosomiasis, rinderpest and soil conservation, so that the functions of other organizations would not be duplicated.

The Council will submit items for discussion to African scientific and technical conferences already planned for the next two or three years, but considers that international technical conferences should be held less frequently than during the past three or four years. Major technical conferences in particular fields are regarded as valuable if held at intervals of five years or more, provided that during the intervals consultation and continuity are achieved through meetings of small groups of specialists.


When the executive committee met under the chairmanship of Dr. P. J. du Toit, F.R.S., in South Africa House, London, on June 8th and 9th, it was decided that the Council should meet in Dakar from November 20th to 23rd, 1951. Relations between C.S.A. and C.C.T.A. (Commission for Technical Co-operation in Africa south of the Sahara), were discussed by the executive committee, and, on June 25th and 26th 1951, by a special conference of representatives of the governments participating in these two schemes. The representatives of governments on C.C.T.A. are concerned mainly with the administration of technical matters, while C.S.A., consisting of eminent scientists appointed jointly by the six participating governments, concerns itself with the scientific problems of Africa. The functions of these two bodies are thus complementary, and close co-operation between them is highly important.

*Pilot plant at Stellenbosch for investigating the anaerobic digestion of residues from the distillation of wine, so as to render them suitable for discharge into streams. These trials of a process developed in the laboratory were sponsored by industrial firms and the Municipality of Stellenbosch.*


*'n Peilaanleg by Stellenbosch waar die anero-biese vertering van die residu's van wynstokerye ondersoek word ten einde hul geskik te maak vir loslating in strome. Hierdie proewe van 'n proses wat in die laboratorium ontwikkel is, word ondersteun deur nywerheidsfirmas en die Stellenboschse Munisipaliteit.*

*'n „Spinning band“-distilleerapparaat wat spesiaal geadaptee is vir die skeiding van die bestanddele van wolvet.*

*A 'spinning band' still, specially adapted for the separation of the components of wool-grease.*



## Research





*Studying the break-down of wool grease with lime which is a first step in its industrial processing.*

*Die bestudering van die ontbinding van wolvet met kalk wat slegs die eerste stap is in die industriële verwerking daarvan.*

*Lymwaters met 'n hoë proteïne-inhoud, 'n afvalprodukt van walvisstasies, word in hierdie verdampingsapparaat gekonsentreer as voorloper tot eksperimente i.v.m. hul herwinning en benutting.*

*Glue waters of high protein-content, a waste product from whaling stations, are concentrated in this evaporator as a first step towards experiments on their recovery and use.*



adviseurs en korrespondente in Afrika om al die hoof wetenskaplike afdelings te verteenwoordig.

Besondere aandag is geskenk aan die aanbevelings gemaak deur die wetenskaplike konferensies wat gedurende die afgelope paar jaar in Afrika op gespesialiseerde gebiede gehou is, byvoorbeeld trypanosomiase, rinderpes en grondbewaring, sodat die funksies wat deur ander organisasies onderneem is, nie oorvleuel sal word nie.

Alhoewel die Raad onderwerpe vir bespreking sal oopstel op wetenskaplike en tegniese konferensies in Afrika wat reeds beplan is vir die volgende twee of drie jaar, is dit nogtans van mening dat internasionale tegniese konferensies nie op dieselfde skaal belê moet word as wat dit die geval in die afgelope drie of vier jaar was nie. Belangrike tegniese konferensies op besondere gebiede word as waardevol beskou wanneer tydperke van vyf of meer jaar tussenin verloop, maar die nodige beraadslaging en kontinuïteit kan gedurende hierdie tussenposes deur die vergadering van klein groepe spesialiste verkry word.

Toe die uitvoerende komitee op 8 en 9 Junie onder voorsitterskap van dr. P. J. du Toit, F.R.S. in Suid-Afrikahuis in Londen vergader het, is dit besluit dat die Raad van 20 tot 23 November, 1951, in Dakar sou vergader. Verhoudings tussen C.S.A. en C.C.T.A. (Kommissie vir Tegniese Samewerking in Afrika suid van die Sahara) is deur die uitvoerende komitee bespreek, en, op 25 en 26 Junie deur 'n buitengewone konferensie van verteenwoordigers van die regerings wat deelneem aan hierdie twee skemas. Die verteenwoordigers van regerings op C.C.T.A. het hoofsaaklik te doen met die administrasie van tegniese sake, terwyl die C.S.A. wat bestaan uit vooraanstaande wetenskaplikes wat deur die ses deelnemende regerings gesamentlik benoem is, te doen het met die wetenskaplike probleme van Afrika. Hierdie liggame vul mekaar dus aan en dit is van die grootste belang dat daar 'n noue samewerking tussen die twee sal wees.

and correspondents in Africa, representing the main scientific disciplines.



Attention was given to the recommendations of scientific conferences held in Africa during the last few years on specialized subjects, e.g. trypanosomiasis, rinderpest and soil conservation, so that the functions of other organizations would not be duplicated.

The Council will submit items for discussion to African scientific and technical conferences already planned for the next two or three years, but considers that international technical conferences should be held less frequently than during the past three or four years. Major technical conferences in particular fields are regarded as valuable if held at intervals of five years or more, provided that during the intervals consultation and continuity are achieved through meetings of small groups of specialists.

When the executive committee met under the chairmanship of Dr. P. J. du Toit, F.R.S., in South Africa House, London, on June 8th and 9th, it was decided that the Council should meet in Dakar from November 20th to 23rd, 1951. Relations between C.S.A. and C.C.T.A. (Commission for Technical Co-operation in Africa south of the Sahara), were discussed by the executive committee, and, on June 25th and 26th 1951, by a special conference of representatives of the governments participating in these two schemes. The representatives of governments on C.C.T.A. are concerned mainly with the administration of technical matters, while C.S.A., consisting of eminent scientists appointed jointly by the six participating governments, concerns itself with the scientific problems of Africa. The functions of these two bodies are thus complementary, and close co-operation between them is highly important.

'n „Spinning band”-distilleerapparaat wat spesiaal geadapteeer is vir die skeiding van die bestanddele van wolvet.

A 'spinning band' still, specially adapted for the separation of the components of wool-grease.



Studying the break-down of wool grease with lime which is a first step in its industrial processing.



Die bestudering van die ontbinding van wolvet met kalk wat slegs die eerste stap is in die industriële verwerking daarvan.


Pilot plant at Stellenbosch for investigating the anaerobic digestion of residues from the distillation of wine, so as to render them suitable for discharge into streams. These trials of a process developed in the laboratory were sponsored by industrial firms and the Municipality of Stellenbosch.

'n Peilaaanleg by Stellenbosch waar die aneroobiese vertering van die residu's van wynstokerye ondersoek word ten einde hul geskik te maak vir loslating in strome. Hierdie proewe van 'n proses wat in die laboratorium ontwikkel is, word ondersteun deur nywerheidsfirmas en die Stellenboschse Munisipaliteit.

Lymwaters met 'n hoë proteïene-inhoud, 'n afvalprodukt van walvisstasies, word in hierdie verdampingsapparaat gekonsentreer as voorloper tot eksperimente i.v.m. hul herwinning en benutting.


Glue waters of high protein-content, a waste product from whaling stations, are concentrated in this evaporator as a first step towards experiments on their recovery and use.





*Concentrated whale glue-waters are converted in a spray-drier to a free-flowing powder. Experiments have shown that this powder is suitable for incorporation in certain animal feeds.*

*Gekonsentreerde walvis lymwaters word in 'n sproeidroër omskep tot 'n vry-vloeiende poeier. Eksperimente het getoon dat hierdie poeier geskik is om ingesluit te word in sekere voedselsoorte vir diere.*



*Benheid wat gebruik word vir die bestudering van die dissolusie van chroomerts in suur, word uitmekaar gehaal.*

*Smantling a unit used for studying the dissolution of chrome ore in acid.*

## Nasionale Chemiese Navorsingslaboratorium

### INLEIDING

#### Advieskomitees

Die program vir navorsing op Suid-Afrikaanse grondstowwe wat met behulp van 'n Nasionale Advieskomitee onder voorsitterskap van dr. T. J. Wilken Jordan, hoofseikundige van die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie, ontwikkel is, bied 'n aantal toepassings in die praktyk. Hierdie komitee ontvang elke twee maande omvattende, vertroulike verslae i.v.m. die vooruitgang wat gemaak word op alle projekte, behalwe dié wat onder kontrak aan industriële firmas onderneem is. Advies oor individuele projekte word deur onderkomitees verskaf en hul verslae is deur die nasionale komitee tydens sy vergadering op 26 Julie, 1951, oorweeg. By hierdie jaarvergadering word die direkteur van die laboratorium geadviseer betreffende die projekte wat voorrang behoort te geniet op grond van vooruitgang wat reeds gemaak is, en, van wat van die land se behoeftes bekend is. Die aantal projekte van 'n langtermyn-aard wat gelei het tot ondersteunde projekte — en dus tot toepassing in die praktyk — is 'n mate van die deeglikheid van die komitee se advies.

#### Industriële skakeldiens

Die Skakelafdeling onderneem die versameling en ontleding van inligting wat die direkteur van die laboratorium, die Nasionale Advieskomitee vir Chemiese Navorsing en sy onderkomitees sal help om navorsing op 'n bepaalde gebied op die beste manier aan te pak. Twee skakelbeampies is vir hierdie doel vir die laboratorium toegewys en hul hanteer ook alle navrae vir tegniese inligting. As gevolg van hierdie noue samewerking tussen die personeel van die laboratorium en die skakelbeampies het etlike nywerheidsnavrae tot navorsingsprojekte ontwikkel.

#### Organisasie

Die laboratorium se werk word deur vyf afdelings, wat handel met fisiese en analitiese chemie, organiese chemie, biochemie, prosesontwikkeling en waterbehandeling, onderneem. Die Afdeling vir Biochemie is 'n nuwe een waaronder die Onderafdeling vir Mikrobiologiese Chemie en 'n Voedingsnavorsingseenheid, verbonde aan die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsinstituut, ressorteer. Sommige aspekte van navorsing op olie en proteïne wat voorheen in die Afdeling vir Chemie van die Universiteit van Kaapstad gedoen is, sal nou in Pretoria, waar al die laboratorium se werk op hierdie gebied saamgetrek is ten einde duplikasie van duur toerusting te vermy, voortgesit word. Navorsing op

## National Chemical Research Laboratory

### INTRODUCTION

#### Advisory committees

The programme of research on South African raw materials, which has been developed with the help of a National Advisory Committee on Chemical Research under the chairmanship of Dr. T. J. Wilken Jordan, chief chemist of the South African Iron and Steel Industrial Corporation, is leading to many practical applications. Every two months this committee receives comprehensive confidential reports on the progress of all projects other than those undertaken under contract to industrial firms. Advice on individual projects has been provided by sub-committees, whose reports were considered by the national committee at its annual meeting on July 26th, 1951. At these annual meetings the director of the laboratory is advised on the priorities which should be allocated to projects suggested for inclusion in the research programme, both in relation to the progress made and to what is known of the country's needs. The number of long-term investigations which have led to sponsored projects, and thus to practical applications, is a good measure of the soundness of the committee's advice.

#### Industrial liaison

Collection and analysis of information to help the director of the laboratory, the National Advisory Committee on Chemical Research and its sub-committees in determining the best approach to research in specific fields, is undertaken by the Liaison Division. Two liaison officers have been assigned to the laboratory for this purpose, and they also deal with all inquiries for technical information. Through this close association between the laboratory staff and liaison officers, many research projects have developed out of inquiries from industrial firms.

#### Organization

The work of the laboratory is conducted by five divisions dealing with physical and analytical chemistry, organic chemistry, biochemistry, process development and water treatment. The Biochemistry Division is a new development, and within it are included the Microbiological Chemistry Section, and a Nutrition Unit maintained at the South African Institute for Medical Research. Some aspects of research on oils and proteins which were carried on in the Department of Chemistry of the University of Cape Town, will in future be conducted in Pretoria, where all the laboratory's work in these fields has been concentrated, so as to avoid duplica-

Suid-Afrikaanse seegrasse is aangevoer en dit is voornemens om met hierdie werk by die Universiteit van Kaapstad aan te gaan.

## MINERALE PRODUKTE

### Kleisoorte en verwante stowwe

Die minerale samestelling van kleimonsters van alle dele van die Unie word ondersoek om basiese gegewens wat nodig is vir 'n kennis van die eienskappe van hierdie kleisoorte in gebruik, en vir die ontdekking van plaaslike neerslae van kleisoorte wat tans ingevoer moet word, te verskaf. Deur middel van die tegnieke van X-straal diffraksie en differensiale termiese analise, en, indien nodig die elektronmikroskoop in die Nasionale Fisiese Laboratorium, word identifikasie vinnig en akkuraat uitgevoer. 'n Apparaat wat differensiale termogramme outomaties registreer, blyk bevredigend te wees. Aangesien sommige eienskappe daarvan nuut is, is 'n beskrywing vir publikasie voorberei.

Een van die interessantste resultate van hierdie werk was die identifikasie van 'n voorkoms van attapulgië, 'n kleisoort met baie industriële gebruike. Verdere studies is gemaak van 'n Suid-Afrikaanse montmorilloniet — waarvan die identifikasie verlede jaar aangekondig is — en van Suid-Afrikaanse illiete.

Grondkolloïede van Suid-Afrikaanse laterietiese grondgroepe is in besonderhede met die medewerking van die Afdeling vir Skeikundige Diens van die Departement Landbou ondersoek, en ander grondgroepe word op dieselfde manier ondersoek. Waarnemings van aktuele belang was dié wat in verband staan met die aandeel van ferri-oksied in vogsorpsie in laterietiese grondsoorte, en met 'n bodemprofiel wat die direkte ontbinding van illiet tot gibbsiet aandui.

### Chromium

'n Opname van Transvaalse chromiete is feitlik voltooi. Die suiwer mineraal is uit elke monster geskei, ontleed, en in baie gevalle, ook deur X-strale ondersoek. 'n Bevredigende metode vir die bepaling van aluminium wanneer yster en chromium teenwoordig is, is ontwikkel.

Bestudering van die oplos van chroomertse in swael-suur is voltooi en ook studies van die elektrolitiese deposisie van chromium-metaal uit chroom-aluinoplossings. Ingevolge hierdie studies en 'n deeglike ondersoek van ander moontlikhede, geskied werk nou volgens ander beginsels onder kontrak aan 'n industriële ondersteuner.

### Steenkool

Fundamentele navorsing in verband met die probleem van die selfontbranding van steenkool duur voort ten behoeve van die Brandstof-Navorsingsinstituut. Opper-vlakte, soos vasgestel deur die adsorpsie van argon op Suid-Afrikaanse steenkool by lae temperatuur, blyk baie kleiner te wees as die oppervlakte wat bepaal is deur benattingswarmte in methiel alkohol. Daar is tot die

tion of expensive equipment. Research on South African seaweeds has been initiated, and it is proposed to continue with this work at the University of Cape Town.

## MINERAL PRODUCTS

### Clays and related materials

The mineral composition of clay samples from all parts of the Union is being determined to provide the basic data necessary for understanding the properties of these clays in use, and to discover local deposits of clays which at present are imported. Identifications are made by using techniques of X-ray diffraction and differential thermal analysis and, when necessary, the electron microscope in the National Physical Laboratory. An apparatus for recording differential thermograms automatically has worked well and, as several features are new, a description has been sent for publication.

One of the most interesting results of this work has been the identification of an occurrence of attapulgië, a clay with many industrial uses. Further studies have been made of a South African montmorillonite, identification of which was reported last year, and of South African illites.

Soil colloids of South African lateritic soil groups have been surveyed in detail in collaboration with the Division of Chemical Services of the Department of Agriculture, and other soil groups are being surveyed in the same way. Observations of particular interest have been the part played by ferric oxide in moisture sorption in lateritic soils, and a soil profile in which there appears to be clear evidence of direct decomposition of illite to gibbsite.

### Chromium

A survey of Transvaal chromites has been nearly completed. The pure mineral has been separated from each sample, analyzed and, in many cases, also examined by X-ray analysis. A satisfactory method has been evolved for determining aluminium when iron and chromium are present.

Studies of the dissolution of chrome ores in sulphuric acid have been completed, as well as studies of the electrodeposition of chromium metal from chrome-alum solutions. In the light of these studies and of a detailed consideration of other possibilities, work is now proceeding along other lines under contract to an industrial sponsor.

### Coal

Fundamental research into aspects of the problem of spontaneous combustion of coal has been continued on behalf of the Fuel Research Institute. Internal surface, determined by low temperature adsorption of argon on South African coals, was many times smaller than that determined by heat-of-wetting in methyl alcohol. It has been concluded that methyl alcohol

gevolgtrekking gekom dat methiel alkohol veroorsaak dat steenkool swel en dus nie 'n juiste maat van die interne oppervlakte gee nie. Hierdie gevolgtrekking weerlê dié van oorsese navorsers, maar dit is van belang dat werk wat onlangs in Amerika gedoen is tot dergelyke gevolgtrekkings gelei het, en hierdie werk duur dus voort.

Die gebruik van swewende-bedtegnieke vir die produksie van gas uit steenkool is in 'n reeks aanvooreksperimente ondersoek. In 'n reeks eksperimente op twee soorte Suid-Afrikaanse steenkool (die een 'n tipiese nie-kooksvormende en die ander 'n tipiese kooksvormende steenkool) is vormfaktore, minimum vloeistof-ledigings en vervloeiingsfaktore (of afwykingsfaktore) vir verskeie reekse partikelgroottes ondersoek.

### Dolomiet

Die proses waardeur dolomiet ontbind by temperatuur van 600°C tot 900°C is verklaar. Verskillende ondersoekmetodes het dieselfde resultate gelever, maar die betekenisvolste waarneming is met X-strale gemaak van die verandering wat plaasvind wanneer 'n enkelkristal dolomiet tot kalsiet en magnesia ontbind is. Hierdie proses het die formasie van kalsiet kristalliete wat as kwasie-enkelkristalle van dolomiet ge-oriënteer is, aangedui. Dit word op 'n meer kwantitatiewe basis bestudeer en die oppervlakeienskappe van dolomiet wat by verskillende temperatuur ontbind is, word gemeet. Differensiale termogramme wat vir dolomiet onder beheerde druk van koolsuurgas van 1 mm tot 760 mm verkry is, is bestudeer.

### Mangaan

Mangaanertse word ondersoek ten einde die verwerking van lae-graadse ertse, waarvoor daar tans geen uitvoermark is nie, te bevorder. Op die oomblik, en hangende die voltooiing van studies van die mineralogie van ysterhoudende ertse van die Postmasburgse distrik deur die Staats Metallurgielaboratorium, word neerslae mangaan „wad” wat voorkom in die Graskop gebied van die Oos-Transvaal bestudeer. Hierdie neerslae bevat nagenoeg 30% mangaandioksied. Die produksie van mangaansulfaat waaruit beide mangaanmetaal en mangaandioksied vervaardig kan word, is ondersoek. In aanvangseksperimente in verband met die loog van die „wad” deur bytsure, is tegniese moeilikhede i.v.m. die hanteer van eersgenoemde ondervind. Hoewel hittebehandeling van die „wad” voordat dit geloog is die filtrasie-eienskappe verbeter het en die loog doeltreffend was, het die filtrate aansienlike hoeveelhede yster bevat wat die verdere eksploitasie deur elektrolise benadeel het.

Gevind is egter dat wanneer die erts met ysterpiriet verhit is, 'n residu gelaat is waaruit mangaan-sulfaat direk geloog kan word. Die fisiese chemie van hierdie reaksie word bestudeer en die gegewens wat nodig is vir die beplanning van peilaanlegsondersoeke word versamel.

causes swelling of the coal and does not therefore give a true measure of internal surface. Although this conclusion is opposed to that of certain workers overseas, it is interesting that recent work in America has since led to similar conclusions, and this work is continuing.

The use of fluidized-bed techniques for producing gas from coal has been the subject of preliminary experiments. In a series of experiments on two South African coals (one a typical non-coking and the other a typical coking coal), shape factors, minimum fluid voidages and fluidization efficiencies (or deviation factors) were investigated for several ranges of particle size.

### Dolomite

The process by which dolomite decomposes at temperatures ranging from 600°C to 900°C has been elucidated. Various methods of investigation yielded concordant results, but the most significant observation was made in X-ray studies of the changes which occur when a single crystal of dolomite was decomposed to calcite and magnesia, revealing the formation of calcite crystallites oriented as a quasi-single crystal. This is being studied on a more quantitative basis; and the surface properties of dolomite decomposed at various temperatures are also being measured. Differential thermograms obtained for dolomite under controlled pressures of carbon dioxide from 1mm to 760mm have been studied.

### Manganese

An objective of work on manganese ores is to promote the processing of low grade ores for which there is at present no export market. At present, and pending the completion of studies of the mineralogy of iron-bearing ores from the Postmasburg district by the Government Metallurgical Laboratory, deposits of manganese „wad” occurring in the Graskop area of the Eastern Transvaal are being studied. These contain about 30% of manganese dioxide and the production of manganese sulphate, from which both manganese metal and manganese dioxide could be produced, has been investigated. In initial experiments on leaching the wad by pickle liquors, technical difficulties in handling the slurry were encountered. Although heat-treatment of the wad before leaching improved its filtration characteristics, and the efficiency of leaching was good, the filtrates contained appreciable quantities of iron, which were a serious disadvantage in their further exploitation by electrolysis.

It has been found, however, that on heating the ore with iron pyrites, a residue is produced from which manganese sulphate of greater purity can be leached directly. The physical chemistry of this reaction is being studied, and the data necessary for the planning of investigations are being accumulated.

## PLANTPRODUKTE

### Suikerrietwas

Die wasopbrengs uit die modder wat afsak in die suiwering van suikersappe deur 'n suurproses, is gedurende 'n hele meulseisoen in samewerking met mnr. G. C. Dymond van die firma G. M. Hulett en Kie., by Darnall, en die Suikermeule-Navorsingsinstituut, ondersoek. Die was-inhoud, wat ongeveer 20% tot 30% beloop het, was deurgaans hoër as dié van modder wat afsak gedurende die huidige proses en moontlike maniere om die suur-suiweringsmetode tot die ekonomiese herwinning van sukrose en was toe te pas, word ondersoek.

### Seegrassie

Aangesien die handel steeds meer belangstelling in die kommersiële ontginning van seegrassie wat by die Kaap gevind word toon, is 'n aanvang geneem met navorsing op hierdie materiaal. Reëlins is getref vir 'n navorsingsbeampte om 'n jaar oorsee deur te bring by 'n moderne inrigting vir navorsing op koolhidrate, en die Afdeling vir Plantkunde van die Universiteit van Kaapstad het toegestem om behulpsaam te wees met die plantkundige aspekte van hierdie werk. Die soorte wat versamel word, word op 'n seisoensbasis ge-analiseer ten einde die kennis wat vir nywerheidsdoeleindes vereis word op te bou. As voorloper tot meer fundamentele werk word die strukturele- en ander eienskappe van agars uit *Gracilaria*-spesies, in verhouding tot veranderinge in die gel-krag na insameling bestudeer.

### Sitroensuur

Die produksie van sitroensuur deur die gisting van beide suikerrietmelasse en sukrose is bestudeer deur gebruik te maak van stamme van *Aspergillus niger* in voedingsboedems in vloeistofmedium. Omtrent twintig soorte is uit die laboratorium se groot kultuurversameling en ook van oorsese bronne gekies. Verskillende media en gasfases is met hierdie stamme op die proef gestel ten einde die mees geskikte omstandighede vir die formasie van sitroensuur te bepaal. Konsentrasies van sitroensuur wat in die finale gegiste vloeistof verkry is, is bemoedigend hoog.

### Hout hidrolise

Ekstraerbare bestanddele van die hout van die swartwattle, *Acacia mollissima*, is taamlik volledig ondersoek, en die struktureenhede van die hout-tannien en houtflobafeen is uitgeken. Die lignien van wattlehout word tans bestudeer. Voorlopige analises van wattlehout-monsters het betreklik groot verskille in persentasiesamestelling aangedui.

Hierdie werk is onderneem om as agtergrond te dien vir ondersoek na die hidrolise van wattlehout wat as 'n bron van gisbare suiker vir nywerheidsdoeleindes sal dien, maar hierdie aspek van die probleem word vertraag deurdat moeilikheid ondervind word met die konstruksie van apparate vir hout-hidrolise.

## PLANT PRODUCTS

### Sugar-cane wax

The yields of wax in mud from the clarification of sugar juices by an acid process have been surveyed during a full milling season in co-operation with Mr. G. C. Dymond of G. M. Hulett and Co., Darnall, and the Sugar Milling Research Institute. The wax content of about 20-30% was consistently higher than that of muds from the process in current use, and possible ways of using acid clarification for economical recovery of sucrose and wax are being examined.

### Seaweeds

Because of the growing commercial interest in the industrial exploitation of seaweeds at the Cape, research on these materials has been started. Arrangements have been made for a research officer to spend a year overseas in a modern carbohydrate research-school, and the Department of Botany of the University of Cape Town has agreed to co-operate in the botanical aspects of the work. The species collected are being analyzed on a seasonal basis in order to build up the background of information required for industrial purposes. As a first step in more fundamental work, structural and other properties of agars from *Gracilaria* species, in relation to alterations in the gel-strength after harvesting, are being studied.

### Citric acid

The production of citric acid by fermentation of sugar-cane molasses and sucrose has been investigated, using strains of *Aspergillus niger* in submerged culture. About twenty strains have been selected from the many strains in the laboratory's culture collection and also from overseas sources. Varying compositions of media and gas phase have been tried out with these strains, to ascertain the best conditions for the formation of citric acid. Concentrations of citric acid obtained in the final fermented liquor have been encouragingly high.

### Wood hydrolysis

Extractives of the wood of the black wattle, *Acacia mollissima*, have been examined in some detail, and the structural units in the wood tannin and wood phlobaphene have been identified. The lignin of wattle-wood is now being studied. Proximate analyses of wattle-wood samples have revealed fairly wide variations in percentage composition.

This work has been undertaken to provide a background to investigations into the hydrolysis of wattle-wood to provide an additional source of fermentable sugar for industrial purposes, but work on this aspect of the problem has been delayed by difficulties in the construction of experimental apparatus for wood hydrolysis.

## Ander plantprodukte

Dit is getoon dat die olie van die sade van *Sterculia foetida* 'n vetsuur met besondere eienskappe inhou. Beskikbare feite dui daarop dat die suur 'n onversadigde drie-ledige ring naby die middel van die ketting het.

Die volledige samestelling van verskillende saad-olies van die *Ximenia*-spesies (suurpruim) is bepaal.

## DIEREPRODUKTE

### Visolies

Die samestelling en benutting van sardientjie-olie wat tans kommersiël vervaardig word, word bestudeer.

Twee nuwe molekule distilleerketels is in die laboratorium vervaardig om die hitte-labiele sure van hierdie olies te skei en hul kan ook gebruik word om die betrokke alkohole op te breek. Indien dit moontlik is om suiwer bestanddele met hierdie toerusting te verkry sal daar voortgegaan word met die bestudering van die samestelling van die komponenture.

Die meganisme waardeur standolies gevorm word en die distribusie van molekulêrgewigte in standolies van hoë en lae viskositeit, word bestudeer. Tung-standolie-polimere wat so min as moontlik verhit is, bevat 'n gekonjugeerde diëne-sisteem — hierdie bevinding is teenstrydig met verslae wat in die betrokke lektuur verskyn het. Hierdie, en ander bevindings, beklemtoon die feit dat die beginstadiums van die formasie van standolies bestudeer moet word ten einde komplikasies te wyte aan struktuurveranderinge by verdere verhitting te vermy. Om mee te begin word die polimerisasie van metiel  $\beta$ -elaeostearate ondersoek.

Die moontlikheid om die aaneenskakeling van die molekules te weeg te bring wat die formasie van standolies karakteriseer, deur die werking van vry-radikales wat afgegee word deur die drogende olies, word bestudeer. Besonder doeltreffende aaneenskakeling, sonder verlies van onversadigheid, het moontlik kommersiële vooruitsigte vir die maak van standolies uit halfdrogende olies soos sonneblomsaad-olie.

Hierdie studies word uitgebrei tot die dergelyke geval van selfgeoksideerde (bv. geblaasde) trigliseriedeolies. Daar is op gewys dat litium aluminium hidried met enkel waterstofperioksiedes, dialkiel perioksiedes en dialkiel perioksiedes reageer om hoë opbrengste van die ooreenstemmende alkohole te lewer sodat hierdie reaksie moontlik gebruik kan word om die strukture van onbekende perioksiedes in selfgeoksideerde olies te bepaal. Die gebruik van papier-kromatografiese tegnieke om mengsels perioksiedes te skei is bestudeer en hierdie metode is op 'n suksesvolle manier toegepas op 'n mengsel van twee enkel perioksiedes waarvan die struktuur bekend was.

### Wolwas

Navorsing op die samestelling van wolwas was hoof-

## Other plant products

It has been shown that the oil from the seeds of *Sterculia foetida* contains a fatty acid of unusual properties. The evidence available indicates that the acid has an unsaturated three-membered ring near the centre of the chain.

The complete composition of several kernel oils of *Ximenia* species (suurpruim) has been determined.

## ANIMAL PRODUCTS

### Marine oils

The constitution and utilization of pilchard oils, which are now produced commercially in large quantities, are being studied.

Two new molecular stills have been made in the laboratory for separating the heat-labile acids of these oils, and they are also suitable for fractionating the corresponding alcohols. If pure components can be obtained with this equipment, the way will be cleared for constitutional and other studies of the component acids.

The mechanism by which stand-oils are formed, and the distribution of molecular weights in stand-oils of low and high viscosity, are being studied. Tung stand-oil polymers, prepared with a minimum of heating, have been found to contain a conjugated diene system, which is contrary to reports in the literature. This and other findings emphasize that the very initial stages of the formation of stand-oils should be studied to avoid complications due to structural alterations on further heating. As a first step, the polymerization of methyl  $\beta$ -elaeostearate is being investigated.

The possibility of effecting the linking together of molecules (which characterises stand oil formation) through the action of free radicals generated within the drying oil, is being investigated. Very efficient linking, without loss of unsaturation, has been achieved by a process of this type, which appears to have commercial possibilities for making stand oils from semi-drying oils such as sunflower seed oil.

These studies are being extended to the analogous case of autoxidized (e.g. blown) triglyceride oil. It has been shown that lithium aluminium hydride reacts with simple hydroperoxides, dialkyl peroxides and diacyl peroxides to give high yields of the corresponding alcohols, so that this reaction has possibilities for determining the structures of unknown peroxides found in autoxidized oils. The use of paper chromatographic techniques for separating mixtures of peroxides has been studied and this method has been applied successfully to a mixture of two simple peroxides of known structure.

### Wool wax

Research on the constitution of wool wax has been

saaklik in verband met die onverseepbare fraksie. Die 1:2 glikol fraksie wat vooraf afgeskei is, is in aparte bestanddele deur hoë fraksionele-distillasie ingedeel, en pogings word aangewend om hul juiste struktuur te bepaal. Vakuumfraksionerende kolomme van hoë doeltreffendheid is gemaak ten einde die monohidriese alkoholfraaksie (wat voorheen vermeld is) tot aparte bestanddele te skei. Hoeveelhede wolwas is uit ru-wol verkry van skape waarvan die teelt en voedingsgeskiedenis bekend is en die onverseepbare stof in hierdie monsters word volgens metodes wat in die laboratorium ontwikkel is, bestudeer.

Gedurende die tegnologiese bestudering van die versepings van wolwas met kalk, is gevind dat die reaksie-spoed toeneem as klein hoeveelhede van die reageermiddel toegedien word. Kwantitatiewe gegewens van hierdie reaksie is onder verskillende toestande verkry. Die versameling van hierdie gegewens duur voort as voorloper van die uitbreiding van hierdie proses tot peilaanlegskaal. Die omvang van hierdie studies is uitgebrei om magnesiumsoute van wolwas-sure vir kommersiële gebruik, te produseer.

## VOEDSEL-SOORTE

### Grondboontjies

Die werk van die navorsingsbeurshouer, wat kragtens 'n skema aangestel is wat deur 'n groot vervaardiger van grondboontjies ondersteun word, staan hoofsaaklik in verband met die voorkoming van die skeiding van olie gedurende opberging van grondboontjiebotter. Die navorsingswerk word uitgebrei tot vraagstukke i.v.m. ander grondboontjieprodukte.

### Kaapse kreef

Benewens bestudering van die produksie van chitien uit die affal afkomstig van die inlê van kreef, word die perswaters uit hierdie affal verkry, ondersoek. Dit is bewys dat die lipiedes in hierdie waters hul oorsprong in die hepato-pankreas het en die olies van hierdie orgaan word volledig ondersoek.

### Vis-proteïnes

'n Navorsingsbeampte het uit die buiteland teruggekeer waar sy opgelei is in die tegniek van proteïne-navorsing. Sy bestudeer tans vis-proteïne in samewerking met die Visnywerheid-Navorsingsinstituut. Die bruinword van die stertvlees van kreef is 'n probleem wat deur in-makers ondervind word. Die Visnywerheid-Navorsingsinstituut het gevind dat dit veroorsaak word deur die wisselwerking van die proteïne van die stertvlees met sekere wateroplosbares in die vlees, wat nog nie geïdentifiseer is nie. Sowel die proteïnes van die stertvlees as die ekstraerbare van die vlees word bestudeer ten einde die meganisme van hierdie reaksie te verklaar.

primarily concerned with the unsaponifiable fraction. The 1:2 glycol fraction, isolated previously, has been separated into individual compounds by high-vacuum fractional distillation, and attempts are being made to determine their exact structure. Vacuum fractionating columns of very high efficiency have been made in an attempt to separate the monohydric alcohol fraction (reported previously) into individual compounds. Quantities of wool wax have been extracted from raw wool obtained from sheep of known breeding and nutritional history, and the unsaponifiable matter of these samples is being studied by methods developed in the laboratory.

During technological studies into the saponification of wool wax with lime, it was found that the speed of reaction was increased by addition of minor quantities of a reagent. Quantitative data on this reaction have been obtained under different conditions, and collection of these data is being continued, as a preliminary to operating the process in a pilot plant. The studies have been extended with the object of direct production of magnesium salts of wool wax acids for commercial use.

## FOODS

### Groundnuts

The work of a research fellow appointed under a scheme sponsored by a large groundnut-processing firm, has been concerned mainly with preventing the separation of oil during the storage of peanut butter. The research is being extended to problems connected with other groundnut products.

### Cape rock lobster

In addition to studies of the production of chitin from the offal resulting from the canning of rock lobster, the press liquors derived from this offal are being investigated. It has been shown that the lipids in these liquors are derived from the hepato-pancreas and oil from this organ has been examined in detail.

### Fish proteins

An officer has returned from overseas, where she was trained in the techniques of protein research, and is studying fish proteins in collaboration with the Fishing Industry Research Institute. Browning of rock lobster tail flesh is a difficulty which has been encountered by canners. This has been shown by the Fishing Industry Research Institute to be caused by interaction of the tailflesh proteins with unidentified water soluble substances in the flesh. Both the tail-flesh proteins and the extractives of the flesh are being studied in order to elucidate the mechanism of the reaction.

## Walvis „lymwaters” en walvislewerekstrakte

Wateroplosbares in die afloopwaters van die smelt en suiwering van walvisvet en vleis met stoom onder druk, is deur sproeidroging op eksperimentyskaal verkry en die essensiële aminosure en vitamienes van die B-groep in dié materiale is bepaal. Daar is nagenoeg 90% wateroplosbare degradasie produkte van proteïne in hierdie materiale en aangesien hul in groot hoeveelhede geproduseer kan word, is hul 'n waardevolle bron vir proteïnes vir gebruik as diervoedsel. Die proteïnes is nie van hoë gehalte nie en toon veral tekorte aan methionien en triptofaan, waarskynlik te wyte aan die behandeling met stoom onder druk. Hoewel die konsentrasie van vitamienes van die B-groep aansienlik was, was dit baie laer as in visoplosbares.

Hierdie materiale sal waarskynlik onder plaaslike omstandighede nuttig gebruik kan word in voedsel vir harkouende diere maar nie vir pluimvee of varke nie.

## VOEDING

### Verkalking by die Suid-Afrikaanse Bantoe

## Optiese instrumente

Optiese instrumente en bestanddele is ontwerp, getoets en herstel ten behoeve van navorsingslaboratoriums en ander organisasies wat ook met hulp en advies in verband met gespesialiseerde optiese probleme bedien is. Meer as twintig veraluminiseerde spieëls is volgens die vakuumbedekkingsmetode vervaardig en daar was 'n groot aanvraag vir die dienste van die optiese werkplaas.

## Spektrografie

Die frekwensieverandering in die Raman-spektra wat veroorsaak word deur veranderinge in die konsentrasie van monsters in oplossing, is vir verskillende organiese molekules bestudeer. 'n Besondere elektrodehouer vir die opwek van vonke en boë in gekontroleerde atmosfeer is ontwerp en gebou en is gebruik vir die bestudering van die bande van molekules wat gevorm word met antimoon, berillium, silikon en bismut. Toerusting is ontwerp vir die bestudering van flou-absorpsiespektra, veral in die spektraalgebied wat vir fotografiese registrering toeganklik is.

## SPEKTROCHEMIE

### Industrieële toepassings

Analises van drukkersmetale en van sinkbasis-legerings word gereeld gedoen en van 80 tot 100 monsters word elke maand in verband met die prospekter vir sink en lood ontleed. Hulp en leiding is verskaf aan 'n nywerheidsonderneming met die opstel van 'n laboratorium waar spektrochemiese analises vir produksiebeheer gebruik sal word.

### Navorsings en ontwikkeling

Fasiliteite is ontwikkel vir die volledige analise—in groot en klein konsentrasies—van alle elemente in plant of diere materiale. Elemente soos kobalt, nikkel, mangaan, molybdeen, ens., kan gelyktydig en akkuraat tot een deel in tien miljoen bepaal word, en 'n direklesende metode vir die analise van kalium, natrium en kalsium word ontwikkel.

behalf of a photographic wholesaler, is an example of the services provided.

## Radiation

A universal spectral apparatus has been built for spectrophotometric, spectro-radiometric and spectral studies of photoelectric tubes and barrier-layer photocells over a wide spectral range. Apparatus has been set up for determining the total transmission of radiation from a specific radiator through transparent materials. For example, transmission of light from a projection lamp having a colour temperature of 2848°K, was measured for two samples on behalf of an industrial firm.

## Optical instruments

Optical instruments and components have been designed, tested or repaired on behalf of research laboratories and other organizations, who have also been provided with advice and assistance on specialized optical problems. More than twenty aluminized mirrors have been made, using the vacuum coating process, and there has been a heavy demand on the services of the optical workshop.

## Spectrography

The shift of frequency in the Raman-spectra caused by variations in the concentration of samples in solution has been studied for various organic molecules. A special electrode holder for obtaining arcs and sparks in controlled atmospheres was designed and built and used in investigations of the bands of molecules formed with antimony, beryllium, silicon and bismuth. Equipment has been designed for studying weak absorption spectra, particularly in the spectral region accessible to photographic recording.

## SPECTROCHEMISTRY

### Industrial applications

Analyses of printers' metals and of zinc base alloys are being undertaken regularly and from 80 to 100 samples are analyzed each month in connexion with prospecting for zinc and lead. Help and guidance was given to an industrial undertaking in setting up a laboratory in which spectrochemical analysis will be used for production control.

### Research and development

Facilities have been developed for the complete analysis in large or small concentrations of all elements in plant or animal materials. Elements such as cobalt, nickel, manganese, molybdenum, etc., can be determined simultaneously and accurately to one part in ten million, and a direct reading method for the analysis of potassium, sodium and calcium is being developed.

'n Lid van die personeel van die Westelike Provinsie Vrughtnavorsingstasie het vir twee weke in die laboratorium gewerk ten einde ondervinding op te doen in verband met spektrochemiese metodes vir die analise van plantmateriale. In samewerking met belangstellende wetenskaplikes en inrigtings, en veral die Departement Landbou, word 'n studie gemaak van spoorelemente wat biologies van belang is in Suid-Afrikaanse grondsoorte. 'n Komitee is in die lewe geroep ten einde werk op hierdie belangrike gebied—wat voorheen verwaarloos is—te ko-ordineer.

## RÖNTGENSTRALE EN ELEKTRONDIF- FRAKSIE

### Kwantitatiewe analises

Bepalings van kristalyn en amorf, 'vrye-kwarts' in stofmonsters het die meerderheid van hierdie werk uitgemaak. Hul is gedoen ten behoeve van verskillende organisasies en hou direkte verband met navorsing op mynering. Baie werk is gedoen op die Geiger-teller spektrometers ten einde hierdie tegnieke te ontwikkel en monsters kan tans binne een uur ontleed word.

### Lang-ketting koolwaterstowwe

'n Metode wat sowel eenvoudig as doeltreffend is en waarvolgens resultate wat volgens geen ander metode verkry kan word nie gelewer word, is ontwikkel om die, aantal koolstofatome in die kettings van hierdie sintetiese kristalkoolwaterstowwe te voorspel. Volgens hierdie metode word die grondvlakrefleksies by skrams invalshoeke beklemtoon sodat hul op die Geiger-teller-spektrometer gemeet kan word. Hierdie werk is gedoen ten behoeve van die Nasionale Chemiese Navorsingslaboratorium.

### Metale

Tekstuur, korrelgrootte en orientasie van kristalle in stempels vir draadtrek is volgens Röntgenstraal metodes ondersoek. Gevind is dat hierdie eienskappe betrekking het op die fisiese eienskappe van die stempels. Die deformatsie van aluminium-monsters word ondersoek en sal met glybande, soos met die elektronmikroskoop waargeneem, gekorrelleer word.

### Partikelgrootte

Die ontbinding van dolomiet word in samewerking met die Nasionale Chemiese Navorsingslaboratorium ondersoek. Dolomiet is vir gespesifiseerde tye by bepaalde temperature en drukke ontbind, en waarnemings van die groei van kristalliete van die ontbinde produkte (magnesium oksied en kalsium oksied en kalsium karbonaat) het juiste inligting verskaf van die meganisme van ontbinding. (*Sien ook* Nasionale Chemiese Navorsingslaboratorium, bld. 13).

One of the staff of the Western Province Fruit Research Station worked in the laboratory for two weeks to gain experience in spectrochemical methods of analyzing plant materials. In collaboration with interested scientists and institutions, and particularly the Department of Agriculture, a study is being made of biologically important trace elements in South African soils. A committee has been set up to co-ordinate work in this important field which previously has been largely neglected.

## X-RAY AND ELECTRON DIFFRACTION

### Quantitative analyses

Determinations of crystalline and amorphous "free quartz" in dust samples have constituted the bulk of this work. They have been done on behalf of various organizations and have a direct connexion with research on silicosis. Much work has been done on the Geiger-counter spectrometers in developing these techniques, and samples can now be analysed in about one hour.

### Long-chain hydrocarbons

A method which has proved both simple and powerful and capable of giving results which cannot be obtained by other methods, has been developed for predicting the number of carbon atoms in the chains of these synthetic crystalline hydrocarbons. By this method the "basal reflections" at small angles of glancing incidence are accentuated so that they can be measured on the Geiger-counter spectrometer. This has been done on behalf of the National Chemical Research Laboratory.

### Metals

Texture, grain-size and orientation of crystals in dies for wire-drawing were examined by X-ray methods. It was found that these properties could be related to the physical properties of the dies. The deformation of aluminium specimens is being investigated and will be correlated with slip-bands as observed on the electron microscope.

### Particle size

The decomposition of dolomite is being investigated in collaboration with the National Chemical Research Laboratory. Dolomite was decomposed for specified times at fixed temperatures and pressures, and observations of the growth of crystallites of the decomposed products (magnesium oxide, calcium carbonate and calcium oxide) provided precise information on the mechanism of decomposition (*see also* National Chemical Research Laboratory, page 13).

## Kristalwerkparameters

Transvaalse chroomertse word in samewerking met die Nasionale Chemiese Navorsingslaboratorium ondersoek. Metodes waarvolgens kristalwerkparameters tot 'n juistheid van een deel in tien duisend gemeet kan word, is ontwikkel vir die evaluasie van die samestelling en graad van soliede oplossing van die verskillende bestanddele in hierdie chroomspinnelle.

Bepalings is ook gemaak vir inrigtings soos die Geologiese Opname en die Universiteit van Pretoria.

### Metings van absolute intensiteit

Metodes vir die meet van die absolute ge-integreerde digtheid van die 'refleksies' van klein, enkel kristalle is ontwikkel aangesien hierdie metings fundamenteel is vir bepaling van kristalstruktuur. Die Geiger-teller-spektrometers wat ontwikkel is om slegs poeiermonsters te hanteer moes vir hierdie doel gewysig word.

### Interne struktuur van kristalle

As gevolg van ondersoek op 'n groep chromium-komplekse wat deur die Leernywerheid-Navorsingsinstituut verskaf is, is dit bewys dat hierdie komplekse nie isomorfies—soos deur vorige werkers gerapporteer—is nie, en die volledige struktuur van twee van hierdie komplekse is verklaar. Gegewens is versamel waaruit die uitwerking van termiese bewegings van atome in die kristalle op hul atomiese verspreidingsfaktor, vasgestel kon word.

### Elektronmikroskopie

Die Phillips elektronmikroskoop is geïnstalleer, ingestel en inlyngestel en die vergroting is geëyk. Nuwe metodes vir die voorbereiding van monsters en van skaduweeprojeksie is ontwikkel en 'n oplossing van 30 Angstroms is met party monsters verkry. Met 'n nuwe kamera wat ontwerp is sal dit moontlik wees om prente teen 'n vergroting van 75,000 maal (sonder vergroting) te kry; bereken word dat met hierdie byvoegsel die oplossingsvermoë tot nagenoeg 20 Angstroms verminder sal word.

Talryke bepalinge van die grootte en vorm van partikels van kleisoorte, silwerjodied, dolomiet en sy ontbinde produkte, virusse, ens., is ten behoeve van ander navorsers gemaak. Die replikategniek vir die ondersoek van metaaloppervlaktes word gebruik in 'n ondersoek van glybande in aluminium en sal later uitgebrei word tot ander metale. Die struktuur van die vormlose oksiedlaag op aluminium is beskryf.

## TOEGEPASTE GEOFISIKA

'n Metode vir die ondersoek van die struktuur van die boonste lae van die aardkors deur metings te maak op die seismiese golwe veroorsaak deur 'n 10 pond hamer, is ontwikkel. Hierdie metode is goedkoop en minder lomp as die gewone metodes vir seismiese ondersoekingswerk waarby klein ontploffings gebruik word. In

## Lattice parameters

Transvaal chrome ores are being examined in collaboration with the National Chemical Research Laboratory. Methods of measuring lattice parameters to an accuracy of one part in ten thousand have been developed for evaluating the constitution and degree of solid solution of the various components in these chrome spinels.

Determinations have also been made for institutions such as the Geological Survey and the University of Pretoria.

### Measurements of absolute intensity

Methods of measuring the absolute integrated intensity of the 'reflections' from small single crystals have been devised, as these measurements are fundamental to determinations of crystal structure. The Geiger-counter spectrometers, which were designed to deal with powder specimens only, had to be modified for this purpose.

### Internal structure of crystals

From investigations into a group of chromium complexes supplied by the Leather Industries Research Institute, it has been shown that these complexes are not isomorphous, as reported by previous workers, and the complete structure of two of these complexes has been elucidated. Data were obtained from which the effect of thermal motions of atoms in the crystals on their atomic scattering factor could be determined.

### Electron microscopy

The Phillips electron microscope has been installed, adjusted and aligned and the magnification has been calibrated. New methods of preparing specimens and of shadow-casting have been developed, and a resolution of 30 Angstroms has been obtained with some specimens. With a new camera which has been designed, it will be possible to take pictures at a magnification of 75,000 times (without enlargement); it is estimated that with this attachment, the resolving power will be brought down to about 20 Angstroms.

Numerous determinations of the size and shape of particles of clays, silver iodide, dolomite and its decomposed products, viruses, etc., have been made on behalf of other investigators. The replica technique of examining metal surfaces is being used in an investigation of slipbands in aluminium, and will be extended to other metals later. The structure of the amorphous oxide layer on aluminium has been described.

## APPLIED GEOPHYSICS

A method of exploring the structure of the surface layers of the earth's crust, by measurements on the seismic waves produced by a 10lb. hammer, has been developed. This method is cheaper and less cumbersome than the usual methods of seismic exploration, in which

voorlopige proewe, is gegewens oor die diepte van die onderliggende rotsstrukture verkry en hul stem ooreen met boorgatgewens tot by 100 voet.

Verdere veldproewe word gemaak deur die Geologiese Opname ten einde vas te stel of die instrument in die praktyk bevredigend is om die fondamente van groot strukture soos damme ens., te ondersoek.

## TOEGEPASTE WISKUNDE


'n Diens is aan die verskillende onderafdelings van die W.N.N.R. se laboratoriums, wat besondere hulp met berekenings in verband met hul navorsingsprojekte vereis het, verskaf.

small explosions are used. In preliminary trials, data on the depth of underlying rock structures were obtained, which were in good agreement with borehole data, down to depths of 100 feet.

Further field trials are being made by the Geological Survey to determine whether the instrument is satisfactory for practical use in investigating the foundations of structures, such as dams, etc.

## APPLIED MATHEMATICS

A service was provided for various sections of the C.S.I.R.'s laboratories who required special assistance in calculations connected with their research projects.



*An automatic radio-noise recorder at the field station provided by the University of the Witwatersrand on its experimental farm at Frankenswald.*

*'n Outomatiese radio-geraas registreerapparaat by die Veldstasie wat deur die Universiteit van die Witwatersrand op sy proefplaas by Frankenswald, beskikbaar gestel is.*

## Telekommunikasie-Navorsingslaboratorium

### Algemeen

Hierdie laboratorium se werksaamhede was weereens veral toegespits op die bestudering van radiovoortplanting, die bestudering van radiogeraaspele en die ontwikkeling van die kristalbeheerde veelgolf-ontvangtoestel.

### Die ionosfeer

Gereelde metings van die hoogte teen frekwensiekarakteristieke van die ionosfeer duur voort in Johannesburg en Kaapstad en die resultate is maandeliks gepubliseer. Voorspellings vir die toestande van hoëfrekwente radiovoortplanting vir Suidelike Afrika is ook gereeld uitgereik.

'n Derde ionosfeerregistreerder wat in Nairobi geïnstalleer sal word, is voltooi en afgestuur. 'n Vierde ionosfeerregistreerder vir gebruik in die Belgiese Kongo is in die laboratorium gebou deur 'n tegnikus wat spesiaal vir dié doel deur die Belgiese Kongo gestuur is.

### Radio-geraaspeil

Die gereelde meet van radio-geraaspele by 100 kilohertz is dwarsdeur die jaar by Palmietfontein voortgesit. 'n Tweede registreerapparaat was tot die einde van 1950 in werking naby Nairobi en 'n derde registreerapparaat was in werking naby Ladysmith (Natal) vir die grootste gedeelte van die jaar. Die Raad is sy dank verskuldig aan die Afdeling vir Burgerlike Lugvaart vir die reelings wat getref is vir die instandhouding en gebruik van hierdie registreerapparate.

Die bestudering van die uitwerking van radiogeraas op laagfrekwente rigtingpeilingsisteme waarmee daar in 1949 gedurende die Decca-Rigtingpeilingsproewe 'n aanvang geneem is, duur voort met ondersteuning van die Afdeling vir Burgerlike Lugvaart. Dergelike toetse is op die Consol-sisteme en op 'n outomatiese radio-kompas (A.D.F.) uitgevoer. Die vermindering (te wyte aan atmosferiese steurings) wat in die afstand van betroubare ontvangs met hierdie sisteme verag kan word, is aangedui in verslae wat gepubliseer is. Benewens atmosferiese geraas, mag neerslagsteurings of krasontladingsteurings hierdie afstand van betroubare ontvangs in die geval van ontvangtoerusting wat deur die lug vervoer word, verminder. Toerusting word dus gebou om die herhalingsfrekwensie en die omvang van hierdie effekte te bestudeer.

'n Eksperimentele outomatiese multifrekwensie geraasregistreerder is voltooi vir die bestudering van atmosferiese geraaspele dwarsdeur die M.F. en H.F. bande. Die is nou voltyds in werking ten einde ondervinding op te bou voordat die ontwerp finaal aangeneem word.

## Telecommunications Research Laboratory

### General

The activities of this laboratory have again been concentrated mainly on the study of radio propagation, the study of radio noise levels and the development of the crystal-controlled all-wave receiver.

### The ionosphere

Regular measurements of the height vs. frequency characteristics of the ionosphere have continued at Johannesburg and Cape Town and results have been published monthly. Predictions of high frequency radio propagation conditions for Southern Africa have also been published regularly.

A third ionosphere recorder for installation in Nairobi has been completed and despatched. A fourth ionosphere recorder for use in the Belgian Congo has been built in the laboratory by a technician sent from the Belgian Congo especially for the purpose.

### Radio noise levels

The regular measurement of radio noise levels at 100 kc/sec at Palmietfontein has continued throughout the year. A second recorder was in operation until the end of 1950 near Nairobi and a third recorder has been in operation near Ladysmith (Natal) for the greater part of the year. The Council is indebted to the Division of Civil Aviation for arranging for the maintenance and operation of these recorders.

The study of the effect of atmospheric noise on low frequency navigation systems, commenced in 1949 during the Decca Navigator Trials, sponsored by the Division of Civil Aviation, has continued. Similar tests have been carried out on the Consol System and on an automatic radio compass (A.D.F.). Reports have been published indicating the anticipated reduction of the reliable range of these systems due to atmospheric noise. In addition to atmospheric noise, precipitation static and corona may cause serious reduction of range in the case of airborne receiving equipment. Equipment is therefore being built to study the frequency of occurrence and the magnitude of these effects.

For the study of atmospheric noise levels throughout the M.F. and H.F. band, an experimental automatic multi-frequency noise recorder has been completed. This is now in fulltime operation to provide experience prior to finalizing the design. The recorder operates on ten frequency bands between 30 kc/s and 30 Mc/s and experience so far has shown that manual operation of such a device is not essential, at any rate under South African conditions.

Met dié toerusting word atmosferiese geraas oor tien frekwensiebande tussen 30 kilohertz en 30 megahertz geregistreer en ondervinding tot dusver het getoon dat handbeheer van so 'n apparaat onder Suid-Afrikaanse toestande in elk geval nie nodig is nie.

Die bestudering van atmosferiese geraas deur gebruik te maak van hoog-diskriminasie registreermetodes by verskillende radiofrekwensies is ook voortgesit. Fasiliteite is verskaf vir die registreer van radiogeraas op 'n magnetiese-band-registreerapparaat en wanneer nodig vir die reproduksie van die oorspronklike golfvorm. Hierdie toerusting het sekere toetse op hulpmiddels vir navigasie aansienlik bespoedig en het dit ook moontlik gemaak om metings ter enige tyd 'n die laboratorium te maak sonder om die gewenste weertoestande af te wag.

### Ionosferiese absorpsie

'n Beperkte reeks metings van skuins inval is gemaak en het redelike ooreenkoms getoon met die waardes wat volgens oorsese metings verwag sou word. Hierdie werk is egter gestaak hangende 'n mere uitvoerige bestudering van die onderwerp waarvoor polsmetodes wenslik is.

### Opname van aardkonstantes

Die veldwerk in verband met die opname van aardkonstantes nader voltooiing. Metings is gemaak oor alle gebiede in die Unie en Suid Wes-Afrika waar geskikte lae- en mediumfrekwensiesenders beskikbaar was.

### Kristalbeheerde kommunikasieontvangtoestel

Die ontwikkeling van hierdie ontvangtoestel is gedurende hierdie jaar voortgesit. 'n Produksie-prototipe is gebou en word deur 'n Suid-Afrikaanse vervaardiger wat ses eksperimentele toestelle vervaardig, gebruik. Applikasie om patente is gemaak in die Verenigde Koninkryk, Australië en Suid-Afrika en komersiële produksie van hierdie ontvangtoestelle behoort binnekort te begin.

'n Kopie van hierdie prototipe is deur 'n ingenieur van die Poskantoor in die laboratorium gebou. Die Suid-Afrikaanse Poskantoor het 'n ontvangtoestel van hierdie aard nodig in verband met frekwensie-monitorwerk.

Die toepassing van die grondbeginsels van die ontvangtoestel tot die buigsame, dog hoogs stabiele frekwensie-beheer van senders, is in besonderhede oorweeg maar praktiese werk was die voltooiing van die prototipe ontvangtoestel te wagte.

### Onderaardse kommunikasie

Die eksperimentele werk in verband met radio-kommunikasie deur rots vir brandblus- en reddingsdoeleindes is voltooi en werk op hierdie gebied is tans beperk tot hulp aan die Kamer van Mynwese met die

Work has also been done on the study of the nature of atmospheric noise using high-discrimination recording-methods at various radio frequencies. Facilities have been provided for the recording of radio noise on magnetic tape and reproducing the original waveform when required. This equipment has considerably expedited certain tests on navigational aids as it has enabled measurements to be made in the laboratory at any time without waiting for the desired weather conditions.

### Ionospheric absorption

A very limited series of oblique incidence measurements have been made which have shown reasonable agreement with values expected from overseas measurements. This work has, however, been stopped pending a more detailed study of the subject, for which pulse methods are desirable.

### Ground constants survey

The field work in connexion with the ground constants survey is now nearing completion. Measurements have been made over all areas in the Union and South West Africa where suitable low and medium frequency radio transmissions have been available.

### Crystal controlled communications receiver

Development of this receiver has continued during the year. A production prototype has been made and is being used by a South African manufacturer who is producing six experimental sets. Patent applications have been made in the United Kingdom, Australia and South Africa and commercial production of these receivers should commence shortly.

A copy of the prototype has been made in the laboratory by a Post Office engineer for the South African Post Office, who require a receiver of this nature in connexion with frequency monitoring.

The application of the basic principles of the receiver to the flexible, yet highly stable, frequency control of transmitters has been considered in some detail but practical work has awaited the completion of the prototype receiver.

### Underground communications

The experimental work in connexion with radio communication through rock, for fire-fighting and rescue operations, has been completed and work in this field

vervaardiging deur plaaslike nywerhede van 'n klein aantal van hierdie toestelle. Die toestelle sal gebruik word vir meer omvattende proewe as wat moontlik was met die laboratorium modelle.

### Opspoor van weerlig met radar

Enige aanvoerwerk is gedoen op die vraagstuk van die opspoor van weerligslae met radar ten einde 'n studie in besonderhede van 'n ge-ioniseerde kolom moontlik te maak.

### Veldstasie

Tot onlangs was meeste van die werk waarvoor 'n veldstasie nodig was maklik binne bereik van die laboratorium maar, vry van kunsmatige steurings is of by die S.A.U.K. se ontvangstasie by Panorama of by Palmietfontein lughawe uitgevoer.

Vroeg hierdie jaar, egter, het die Universiteit van die Witwatersrand 'n klein gebou by die Universiteit se proefplaas by Frankenwald beskikbaar gestel. Die gebou is naby die middel van die plaas geleë waar die peil van kunsmatige steurings redelik laag is.

is now limited to assisting the Chamber of Mines in the production by local industry of a small number of these sets. These will be used for more extensive trials than were possible with the laboratory models.


### Radar detection of lightning

Some preliminary work has been done on the problem of detecting lightning strokes by radar, to enable a detailed study of the progress of the ionised column to be made.

### Field station

Until recently most of the work requiring a field station within easy reach of the laboratory but free from man-made radio interference has been carried out either at the S.A.B.C. receiving station at Panorama or at Palmietfontein Airport.

Early this year, however, the University of the Witwatersrand has provided a small building at the University Experimental Farm at Frankenwald. The building is near the middle of the farm, where the levels of man-made radio-noise is reasonably low.



*Mr. N. Grisius, of the Belgian Meteorological Service, with the ionosphere recorder which he built in Johannesburg, under the technical supervision of the Telecommunications Research Laboratory, for operation in the Belgian Congo.*

*Mnr. N. Grisius van die Belgiese Meteorologiese Diens, met die ionosfeer registreerder wat hy in Johannesburg onder die tegniese leiding van die Telekommunikasie Navorsingslaboratorium vir werking in die Belgiese Kongo, gebou het.*

*Mnr. T. L. Wadley met die kristal-beheerde kommunikasie-ontvangtoestel wat hy uitgevind het. Proefstelle word deur 'n Suid-Afrikaanse vervaardiger vervaardig.*

*Mr. T. L. Wadley with the crystal-controlled communications receiver which he invented. Experimental sets are being produced by a South African manufacturer.*








*Experimental walls, reinforced with steel rods, are tested by jacking up the ends or middle while applying a uniform load, to find economical methods of preventing wall-cracks caused by foundation movements.*

*Eksperimentele mure, wat met dun staal stawe versterk is, word getoets deur die uiterstes of die middelste gedeeltes op te lig terwyl 'n egalige lading aangewend word ten einde ekonomiese metodes te vind wat muur-krake, veroorsaak deur fondamentsbewegings, sal voorkom.*



*Metings van vervormingskonsentrasie by die hoeke van vensters deur gebruik te maak van tensometers van die Huggenberger tipe. Hierdeur word gegewens verskaf vir die ontwerp van versterkings ten einde krake by hierdie punte te voorkom.*

*Measurements of stress-concentrations at window-corners, using Huggenberger tensometers, provide data for the design of reinforcement to eliminate cracks at these points.*

## Nasionale Bounavorsings- instituut

### Inleiding

Die Advieskomitee vir Bounavorsing vergader nog steeds elke twee maande. Om dit in sy werk by te staan, het hierdie komitee ander komitees in die lewe geroep wat handel met die volgende navorsingsprojekte: behuising, bloukalk, landgoedbeplanning, oorblywende druk in grondsoorte, verwerking van beton rioolpype en die koste van natuurlike-behuising. Laasgenoemde komitee het onder-komitees wat handel met bekwaamheid van arbeiders, gebou-elemente, boumateriale, bedryfskoste en winste, en met onkonvensionele konstruksiemetodes. Die ondervoorsitter van die komitee, dr. F. E. Kanthack, het om gesondheidsredes afgetree en prof. W. G. Sutton is as ondervoorsitter aangestel. Dr. A. J. Ockleston verteenwoordig die S.A. Instituut vir Siviele Ingenieurs en die Instituut vir Struktuuringenieurs in die plek van dr. Kanthack.

'n Spesiale toekenning van £10,000 deur die Nasionale Behuisings en Beplanningskommissie word hoofsaaklik aan drie navorsingsprojekte bestee: aan navorsing op die metodes waardeur die koste verbonde aan die bou van natuurlikehuise verminder mag word; aan proewe, wat in die eerste plek gedoen is op mure en geboue wat vir proefdoeleindes gebou is om die ophig van fundamente onder geboue te bestudeer en derdens op huise wat spesiaal gebou is om die toepassing in die praktyk van die teorieë van hittevoortplanting te bestudeer; en, aan veldproewe i.v.m. die ventilasie van geboue.

### Boumateriale

Navorsing op die vervaardiging van sement uit Suid-Afrikaanse hoogoondslyk met 'n hoë magnesia-inhoud het getoon dat die magnesia in 'n vorm teenwoordig is wat die sement wat vervaardig is nie sal beskuldig nie. Hierdie projek is een van 'n aantal ander projekte wat in verband staan met die gebruik van hoë-magnesiakalkgesteentes wat volop is in Suid-Afrika waar kalkgesteentes met 'n hoë kalsium-inhoud skaars is. Navorsing op die vervaardiging van bloukalk word deur 'n navorsingsbeurs wat deur die vervaardigers verskaf is, ondersteun.

Ingenieurs wy alhoemeer hul aandag aan die oorsake van die verwerking van beton, en die Instituut vir Municipale Ingenieurs het drie beurse vir die bestudering van metodes om die disintegrasie van beton rioolpype te verminder, ingestel. Veronderstel word dat hierdie disintegrasie veroorsaak word deur swaelsuur wat in die teenwoordigheid van rioolgasse deur bakterieë afgegee word en mikrobiologiese aspekte van die probleem word deur een van die navorsingsbeurshouers wat in die Nasionale Chemiese Laboratorium werksaam is, ondersoek. Aspekte van beton-tegnologie en in-

## National Building Research Institute

### Introduction

The Building Research Advisory Committee has continued to meet every two months. To assist it in guiding the work of the institute, it has committees on the following research projects: housing, blue lime, estate planning, residual pressures in soils, corrosion of concrete sewers, and costs of Native housing. The last-named committee has sub-committees on efficiency of labour, elements in buildings, building materials, overheads and profits, unorthodox methods of construction. The committee's deputy-chairman, Dr. F. E. Kanthack, has retired for reasons of health, and Prof. W. G. Sutton has been appointed as deputy chairman. Dr. Kanthack's place as representative of the S.A. Institution of Civil Engineers and the Institution of Structural Engineers has been taken by Dr. A. J. Ockleston.

A special grant of £10,000 from the National Housing and Planning Commission is being spent principally on three projects: firstly, on research into methods of reducing the cost of building Native houses; secondly, on field-studies of the effects of heaving foundations on buildings, using specially constructed experimental walls and buildings, and thirdly, on tests of the practical application of theories of heat-transmission and field tests on ventilation in experimental houses designed and built for this purpose.

### Building materials

In research on the production of cement from South African blast-furnace slag with a high content of magnesia, it has been shown that the magnesia is present in a form which will not be harmful to the resulting cement. This project is one of several others connected with the use of high magnesia limestones, which are plentiful in South Africa, where high-calcium limestones are scarce. Research on the production and use of blue limes is supported through a research fellowship provided by the manufacturers.

Engineers are becoming increasingly interested in the causes of deterioration of concrete, and the Institution of Municipal Engineers has provided three fellowships to study methods of reducing the disintegration of concrete sewers. It is believed that this is caused by sulphuric acid produced by bacteria in the sewer atmosphere, and microbiological aspects of the problem are being investigated by one of the research fellows who is working in the National Chemical Research Laboratory. Aspects of concrete technology and engineering

genieurswese i.v.m. hierdie vraagstuk word deur twee ander beurshouers in die Nasionale Bounavorsings-instituut ondersoek.

### Grondmeganika

Die drie konstruksiemetodes wat verlede jaar voorgestel is om die uitwerking van die oplig van fondamente teen te werk, is algemeen toegepas. Navorsing duur voort ten einde meer inligting i.v.m. hierdie konstruksiemetodes beskikbaar te stel en vog-oordrag in grondsoorte word bestudeer om die oorsake van die opswel van uitgedroogde kleisoorte onder geboue nader toe te lig.

### Strukturele ingenieurswese

Die versterking van baksteenmure met staal stawe om krake wat deur fondamentsbewegings veroorsaak word te verhoed, blyk toepasbaar en goedkoper vir klein geboue te wees, maar daar is egter nog probleme waar daar tot dusver nog geen oplossing voor gevind is nie. Mure en geboue word gebruik om die ontwerp van interne tussenmure en die goedkoopste vertikale en horisontale versterkingsmetodes te bestudeer. Fotoelastisiteitstechnieke word met die medewerking van die Nasionale Fisiese Laboratorium gebruik om die distribusie van spanning en vervormings in modelle van mure wat uit plastiese stowwe vervaardig is, te bestudeer.

### Funksionele doeltreffendheid

Navorsing op hittevoortplanting deur gebou-elemente duur voort in die toetskamer vir hittevoortplanting en proewe hierinverband word ook in die laboratoriums gedoen. Om hierdie resultate te kontroleer word veldproewe op geboue gedoen. 'n Volledige reeks waarnemings van hitte-oordrag, lugtemperatuur, oppervlakte-temperatuur en ventilasie-snelheid word gemaak op 'n groep van agt natuurlike-huise wat volgens konvensionele en onkonvensionele konstruksiemetodes opgerig is. Hierdie huise is by Atteridgeville naby Pretoria met 'n toekenning deur die Nasionale Behuisings en Beplanningsraad, gebou. Ventilatiesnelhede en hittevoortplanting in die huise van Blankes word d.m.v. veldproewe in Vereeniging ondersoek.

Klimaatgegevens word op so 'n manier versamel en ontleed dat gegewens van termiese en ventilasie-eienskappe van huise wat in een landstreek verkry is, in ander dele van die land toegepas kan word.

### Argitektuur

Met die ondersteuning van die Nasionale Behuisings- en Beplanningskommissie en die samewerking van die Departement van Naturellesake, werk al die afdelings van die instituut saam in 'n poging om goedkoop stedelike behuising, en veral natuurlike behuising, te verskaf. Die leefbehoefes van Naturellefamilies en verskille in hierdie behoeftes wat afhang van stamgewoontes, omgewings- en kultuuragtergronde word deur spanne sosioloë

connected with this problem are being investigated by two research fellows in the National Building Research Institute.

### Soil mechanics

The three types of construction which were suggested last year for counteracting the effects of heaving foundations, have been widely adopted. Research has continued to provide more information on these methods of construction, and moisture-transfer in soils is being studied to elucidate the causes of the swelling of desiccated clays under buildings.

### Structural Engineering

The reinforcing of brick walls with steel rods, to prevent cracking caused by foundation movements, seems to be practicable and inexpensive for smaller buildings. There are, however, unanswered problems. Full-scale walls and buildings are being used for studying the design of internal partition walls and the most economical methods of vertical and horizontal reinforcement. Photoelastic techniques are being used, in co-operation with the National Physical Laboratory, to study the distribution of stresses and strains in plastic models of typical walls.

### Functional efficiency

Research on the transmission of heat through the elements of buildings has continued in the heat-transmission test room and in associated laboratory tests. Verification of the results through field-tests on full-scale buildings has started. A complete range of observations of heat-transfer, air temperature, surface temperature and ventilation rate is being made on a group of eight Native houses of orthodox and unorthodox construction, built at Atteridgeville, Pretoria, with a grant from the National Housing and Planning Commission. Ventilation rates and heat transmission in European houses are being investigated in field tests at Vereeniging.

Climatic data are being compiled and analysed in such a way that data on the thermal and ventilation characteristics of houses obtained by tests in one part of the country can be applied in other parts of the country.

### Architecture

With the support of the National Housing and Planning Commission and the co-operation of the Department of Native Affairs, all the divisions of the Institute have combined their efforts in a concerted attack on the problem of providing low-cost urban housing, and particularly Native housing. The living requirements of Native families, and differences in these requirements which depend on tribal, cultural and

ondersoek. Hierdie gegewens word gebruik saam met die minimumbehuisingsstandaarde om huise te ontwerp wat as standaardtypes kan dien vir behuisingskemas.

Maatskappye en privaat persone wat ander metodes vir die bou van goedkoop behuising voorstaan, word uitgenooi om proefhuise op 'n perseel in Pretoria te bou. Die koste verbonde aan boumateriaal en aan die bou van die huise word met dié van normale boumetodes vergelyk en die huise word deur die instituut vir hittevoortplanting, ventilasie, verligting, vogdeurdringbaarheid en struktuur ondersoek.

Navorsing op die ontwerp en uitleg van Naturelle-behuisingskemas het ten doel die vermindering van die koste van dienste, soos paaie, toevoer- en verwyderings-dienste en die daarstelling van beter omgewings. In samewerking met plaaslike outoriteite word 'n aantal eksperimentele woonbuurte gebou, die eerste waarvan by Witbank gebou word en waarvan 150 huise reeds voltooi, en 250 tans onder konstruksie is. Sosiale opnames wat die beplanning van die volgende proefwoonbuurt — die Springs/Rietfontein/Vlakfontein dorp voorafgaan, is feitlik klaar.

Die resultate van vyf jaar se navorsingswerk word by hierdie proewe toegepas, ten einde huise vir soveel moontlik mense, sonder subsidie en waar die instandhouding tot 'n minimum verminder is gedurende die afbetalingstydperk en, met gesonde en bevredigende sosiale omgewings, te verskaf.



environmental background are being surveyed by teams of sociologists. These data are being used, in conjunction with the minimum standards of accommodation, to draw up house-plans which could be used as standard types for housing schemes. Companies and individuals who propose promising alternative methods of building low cost houses are invited to erect demonstration houses on a site in Pretoria. The costs of building operations and materials are compared with those of normal methods of construction, and the houses are tested by the institute for heat-transmission, ventilation, lighting, moisture penetration and structural characteristics.

Research on the design and lay-out of Native housing schemes aims at reducing the cost of services, such as roads, water and electricity supply and sewage disposal services, and also at achieving better environments. Experimental townships are being designed and built by local authorities with the co-operation of the institute. In the first of these, which is being built at Witbank, 150 houses have been completed and another 250 are under construction. Social surveys to provide the basis for planning the next experimental township, the Springs/Rietfontein/Vlakfontein township, are nearly completed.

In this research on housing the results of five years of research are being applied in an effort to solve the problem of providing houses without subsidy for as many as possible, while at the same time reducing maintenance to a minimum during the amortization period and providing healthy and satisfactory social environments.

*Verwarming en verkoeling word gemeet in goedkoop eksperimentele huise.*

*Heating and cooling is measured in experimental low-cost houses.*



*Measurements of outdoor air-temperatures and wind-velocities are part of the experiments on ventilation and temperature conditions in houses.*

*Metings van buitelug-temperatuur en windsterktes vorm 'n deel van die eksperimente wat gedoen word op die ventilasie en temperatuurkondisies in huise.*

# Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing

## Inleiding

'n Nuwe advieskomitee wat handel, nywerhede, mynwyse, verdediging, die Staatsdiens, personeelbeheer, industriële geneeskunde, onderwys en akademiese sielkunde verteenwoordig, is aangestel. Hierdie komitee het sy pligte met goedkeuring onderneem en die Raad is sy dank aan die lede vir hul advies en praktiese hulp verksuldig.

Veldnavorsingswerk is hoofsaaklik bepaal tot daardie projekte waarmee die instituut vir 'n etlike aantal jare reeds besig is. Op industriële gebied behels hierdie projekte keuringsprosedures vir ambagsvakleerlinge, werkers in die klerebedryf en klerikale en administratiewe personeel, sowel as studies van afwesigheid en arbeidsomset, ongelukke, arbeidswaaluasie en prestasievermoë. Navorsing op die klassifikasie en opleiding van naturelle mynwerkers; op metodes waardeur hul bekwaamheid geskat word; en, op toetse waardeur ambagsvakleerlinge vir die ingenieurswerkswinkels van party van die myne uitgekies word, is voortgesit ten behoeve van die goudmynbedryf. Werk is ook gedoen vir die Departement van Verdediging betreffende klassifikasie- en keuringstoetse vir militêre personeel, waarby ingesluit is offisierkadette, vakleerlinge en lugpersoneel.

Die laboratoriumafdelings het, behalwe die diens wat hul vir veldnavorsingspanne lewer, ook etlike fundamentele probleme in verband met die teorie en praktyk van personeelsielkunde ondersoek. Laasgenoemde behels studies van die aard van temperament, van die aanleer van vaardighede by naturelle en van die invloed van omgewingsfaktore op hul toetsoptrede. Statistiek-tegnieke by personeelnavorsing en die bygaande wiskundige beginsels en ook die tegnieke wat betrokke is in die gee van toetse, is bestudeer.

## Navorsing vir die verdedigingsmagte

Roetiene toetsing van rekrute van alle afdelings van die Staande Mag is deur die Unie Verdedigingsmag oorgeneem en keuringstoetse wat vir hierdie doel gestandaardiseer is, sal by Kommandementshoofkwartiere dwarsdeur die Unie toegepas word. Offisiere en onderoffisiere is opgelei in die toepassing van toetse, wat roetiene prosedure in die werwing van rekrute geword het. Die instituut sal egter voortgaan om applikante vir opleiding as lugpersoneel in die Staande Mag en Siviele Burgermag te toets en ook applikante vir opleiding as vakleerlinge en vir ander gespesialiseerde dienste. Toetse vir die keuring van offisierkadette, wat deur keurraad vir offisierkadette op die proef gestel word, blyk besonder akkuraat te wees vir die voorspelling van die resultate van akademiese opleiding.

# National Institute for Personnel Research

## Introduction

A new advisory committee representative of commerce, industries, mining, defence, the Public Service, personnel management, industrial medicine, education and academic psychology has been appointed. This committee has undertaken its duties enthusiastically and the Council is indebted to members for their advice and practical assistance.

Field research has been limited mainly to those projects on which the institute has been engaged for some years. In industry, these concern procedures for selecting artisan apprentices, operatives in the clothing industry, and clerical and administrative personnel, as well as studies of absenteeism, labour turnover, accidents, job evaluation and techniques of merit-rating. Research on the classification and training of Native mine labourers, on methods of assessing their efficiency, and on tests for selecting artisan apprentices for the engineering workshops of some of the mines, has been continued on behalf of the gold mining industry. Further work on classification and selection tests for military personnel, including officer-cadets, artisans and aircrew, has been done for the Department of Defence.

The laboratory sections, besides providing a service for field-research teams, have investigated some fundamental problems in the theory and practice of personnel psychology. These include studies of the nature of temperament, of the acquisition of skill among Natives and of the extent to which their performance in tests is influenced by environmental factors. Statistical techniques for personnel research and the underlying mathematical principles as well as the techniques of testing have also been investigated.

## Defence research

Routine selection of recruits for all branches of the Permanent Force has been taken over by the Union Defence Force, and screening tests which have been standardized for this purpose will be applied at command headquarters throughout the Union. Officers and N.C.O.'s have been trained in the administration of tests which has become a routine procedure in recruitment for the services. The institute will, however, continue with the aptitude testing of applicants for aircrew training in the Permanent Force and Active Citizen Force, as well as for training as artisans and for other specialized duties. Tests for selecting officer-cadets, which are used experimentally by officer-cadet selection boards, are proving particularly accurate in predicting the results of academic training.

## Keuringstoetse vir ambagsvakleerlinge

Die bekwaamheidsvereistes van vakleerlinge word gedurende die tydperk wat vakleerlingskap voorafgaan bestudeer, deur die resultate van toetse wat deur leerlinge aan ambagskole vanaf standerd ses tot matriek gedoen is, te vergelyk met die resultate van interne en nasionale eksamens. Praktiese opleiding word bestudeer in die Suid-Afrikaanse Lugmag, Hoofposkantoor en in die ingenieurswerkswinkels van etlike goudmyne. Ambagstoetse word tans ontwerp ten einde 'n objektiewe basis vir die meet van vooruitgang daar te stel en 'n skaal vir die meet van hul prestasies word ontwikkel.

## Afwesigheid, arbeidsomset en ongelukke

Die praktiese toepassing van tegnieke wat gedurende die afgelope twee jaar ontwikkel is, vir die registrering van afwesigheid en waardeur afwesigheidsgeneigdheid gediagnoseer en voorspel word, word tans deur een van die nywerheidsnavorsingspanne ten behoeve van 'n groot nywerheidsfirma ondersoek. Nuwe metodes vir die bestudering van arbeidsomset is gebaseer op aktuariële sterftesyerstatistieke waarvoor 'n groep van 3,000 „industriële lewens” ondersoek word.

Gehoop word om 'n oorsig te maak van die samestelling en maatskaplik-ekonomiese agtergrond van industriële bevolkings. Hierdie oorsig sal op 'n streeksbasis gedoen word, aangesien afwesigheid en arbeidsomset waarskynlik net soveel deur agtergrondfaktore as deur omstandighede in individuele fabriekke beïnvloed word.

Studies van ongelukke word nog hoofsaaklik bepaal tot navorsing i.v.m. nuwe statistiek-tegnieke waardeur gegewens van ongelukke ontleed word.

## Klassifikasietoetse vir werkers in die klerebedryf

Meer as 500 werkers van alle soorte is in 'n groot klerefabriek in Kaapstad getoets ten einde vas te stel in hoeverre toetse vir die klassifikasie van personeel in die klerebedryf geldig is. Nuwe toerusting is ontwerp en gebou om die toepassing van hierdie toetse in die praktyk te vergemaklik.

## Klerikale en administratiewe personeel

